Ned. Geref. Gemeente Rustenburg-Suid

20 – 26 September 2020
Kleingroep
Eksodus 16: 2-15

Jesus Leef en ons met Hom

1. Kontak met mekaar
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

Ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Wat het jy in die Covid-tyd oor God se versorging geleer?

2. Kontak met God
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 105: 37-45** as 'n gebed
Dink na oor alles waarvoor jy die Here vandag wil prys.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

Gesels oor die volgende:

- Wanneer swaarkry en skaarste oor ons pad kom, beweeg dankbaarheid vining op die agtergrond. Hoekom gebeur dit?
  - Hoe beleef jy dit?
  - Waar sien julle dit gebeur?
- Wat leer ons oor mense (onsself) in hierdie verhaal?
- Wat leer ons oor God in hierdie verhaal?
- Gesels oor hierdie aanhaling van Dallas Willard: "I found God's address. It's at the end of my rope!" Lig dit toe met voorbeelde uit jou lewe.
- Gesels oor die riglyne wat gegee is vir die optel van die manna. Wat is die boodskap daaragter?
  - En wat leer ons uit die volk se verontagsaming daarvan?
- In hierdie Covid-tyd is daar mense wat baie verloor het. Met die teks in gedagte, hoe sal julle hulle bemoedig?
- Maak 'n lys van al die kere waar julle al God se voorsiening beleef het. Dank God dan daarvoor.
- Kry 'n deurskynende glas- of plastiek houer en plaas dit op 'n prominente plek in jou huis. Gooi iets soos 'n klippie of 'n albaster daarin elke keer wanneer jy God se versorging beleef. Gebruik dit as 'n herinnering aan God se goedheid wanneer dinge minder goed gaan, en gebruik dit as 'n manier om vir mense van God se goedheid te vertel.

4. Bedien mekaar: Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

Pitkos:
Eksodus vertel die verhaal van hoe God sy volk in Egipte uit onderdrukking bevry het, ongeveer 3250 jaar gelede. Selfs die magtige farao kon God nie teëgaan nie. God bevry egter nie net nie. God versorg ook, soms op verrassende maniere deur manna of water uit 'n klip. Na die bevrydingsgebeure sluit God 'n spesiale ooreenkoms met die mense wat Hy bevry het. Voortaan moet hulle sy volk wees en volgens sy wil optree. Vir hierdie doel gee Hy sy wet vir hulle, die tien gebooie. Die wet is die teken van die verbond of ooreenkoms wat God met sy volk gesluit het. As hulle volgens die wet optree, sal almal kan sien wie hulle God is. God belowe om hulle nooit alleen te laat nie. Sy blywende en voortgesette teenwoordigheid by sy volk word deur die inrigting van die tabernakel of die "tent van ontmoeting" gesimboliseer. Eks. 15 vertel van die wonderbaarlike deurtog deur die Rietsee en die volk besing God se lof en eer wat hulle van die agtervolgende Egiptenare gered het. By Mara is die water bitter en die Israeliete kon dit nie drink nie, maar by Elim was daar 'n oorvloed water. Wat eet hulle?

Nabetragting (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?